

EEN MAAND OOR OM BELASTINGOPGAWES IN TE DIEN

Bedryfsure verleng tot Saterdag gedurende Oktober

PRETORIA, 1 Oktober 2018 - Individuele belastingpligtiges het 30 dae oor om hulle persoonlike inkomstebelastingopgawes in te dien.

Belastingseisoen sluit op 31 Oktober vir nie-voorlopige belastingpligtiges, en vir voorlopige belastingpligtiges wat verkies om by 'n tak in te dien. [Voorlopige belastingpligtiges](#) het andersins tot 31 Januarie 2019 om op eFiling alleenlik in te dien.

Die fokus hierdie belastingseisoen was op die 24-uur eFiling-kanaal wat belastingpligtiges gerieflik van gebruik kan maak sonder om 'n tak te besoek. eFilers word deur die Help-You-eFile meganisme bygestaan gedurende kantoorure, wat hulle met 'n SARS-kontaksentrumagent verbind, wat die belastingpligtige kan help om sy/haar belastingopgawe te voltooi.

Gedurende die laaste maand van belastingseisoen, sal die SARS-kontaksentrum op Saterdag beskikbaar wees, vanaf 6 tot 27 Oktober, 08:00 tot 13:00, om belastingpligtiges met eFiling by te staan.

Alle SARS-takke sal gedurende dieselfde tydperk ook op Saterdag oop wees waar belastingpligtiges van self-helpkiosks gebruik kan maak om hulle persoonlike inkomstebelastingopgawes elektronies in te dien.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die verlengde ure op Saterdag slegs gebruik sal word om persoonlike inkomstebelastingopgawes te prosesseer.

Tot op hede, is SARS naby om die 3 miljoen-merk te bereik ten opsigte van indiening van belastingopgawes vir die huidige jaar van aanslag. Dit is nagenoeg 'n 4% styging vergeleke dieselfde tyd verlede jaar. Uit hierdie opgawes is 51% deur eFiling ingedien.

Administratiewe boetes, wat tussen R200 en R5 000 kan beloop, sal opgehef word vir die laat indiening van belastingopgawes. Ingevolge die Wet op

Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011 (TAA), en spesifiek artikel 234(d), is dit 'n kriminele oortreding om nie 'n belastingopgawe vir enige van die belastingsoorte waarvoor 'n belastingpligtige geregistreer is, in te dien nie.

SARS het kragtige optrede toegepas op uitstaande belastingopgawes, om nakoming te verskerp, met 18 belastingpligtiges wat hierdie jaar vervolg is vir opgawes wat nie ingedien is nie. Boetes van R2 000 tot R20 000, asook skulderkenningsboetes, is deur die howe oorgelewer, terwyl sommige tot tronkstraf gevonnissen is.

Belastingpligtiges moet bedag wees op slenters waardeur terugbetalings belowe word of waar die belastingpligtige ingelig word van belasting wat hy/sy aan SARS verskuldig is. Hierdie slenters kom in verskeie vorms voor, insluitend briewe, e-posse, webtuiste-skakels en selfs individue wat hulle òf as SARS-beamptes, skuldinvorderaars òf belastingvoorbereiders voordoen. Daar is gevalle waar belastingvoorbereiders 'n terugbetaling aan belastingpligtiges belowe in ruil vir 'n gedeelte van die terugbetaling as fooi. Bedrog word gereeld gepleeg in die naam van die belastingpligtige deur bedrieglike uitgawes te eis. Wanneer SARS wel sodanige bedrog identifiseer, sal die belastingpligtige aanspreeklik wees vir die volle skuldbedrag, asook boetes.

Belastingpligtiges moet altyd kommunikasie, ten opsigte van SARS, outentiseer deur die SARS-kontaksentrum te skakel of 'n SARS-tak te besoek. Verdagte belastingaktiwiteite kan aanlyn gerapporteer word of deur SARS se verdagte belastingaktiwiteite-hulplyn te skakel.

Belastingpligtiges word daaraan herinner dat belastingseisoen handel oor die rekonsiliëring van belastingaftrekkings van die vorige jaar en om te bepaal of die korrekte belastingbedrae afgetrek is. Alternatiewelik kan dit 'n nul-opgawe tot gevolg hê, waar die belastingpligtige niks aan SARS verskuldig is nie en ook nie 'n terugbetaling ontvang nie.

Belangrike kontakbesonderhede:

- SARS-kontaksentrum: 0800 00 7277
 - Verdagte belastingaktiwiteite- en bedroghulplyn: 0800 00 2870
 - [Vorm vir die aanlyn rapportering van verdagte belastingaktiwiteite](#)
-